



verlange uit die verte

Dit lyk soms of die gras aan die anderkant van die draad groener is. Maar gesinne en families wat in die buiteland woon en werk, sal nie noodwendig saamstem hiermee nie. Soms eis dié leefstyl sy tol. HELEN UECKERMANN het gaan ondersoek instel.

foto's | SHUTTERSTOCK

Miljoene Suid-Afrikaners woon en werk in die buiteland; sommige as gevolg van 'n gebrek aan geleenthede tuis, ander omdat hulle die wêreld wil verken of geld wil verdien in buitelandse geldeenhede wat 'n gunstige wisselkoers teenoor die rand het.

Wat ook al die rede, praat jy met dié wat ver van die huis en hulle geliefdes af is, word dit baie duidelik dat dit nie 'n maklike ding is om te doen nie. Finansiële is dit in die meeste gevalle beslis die moeite werd, maar die fisieke en emosionele afstand is 'n duur prys om te betaal.

Die ironie is dat dieselfde rede

wat die *ekspat*-manier van leef die moeite werd maak, naamlik die geld wat mense aanvanklik dink vir hulle 'n uitkoms bied, die presiese rede kan word waarom hulle later nie meer kan bekostig om dié leefstyl agter te laat nie.

balans in brittanje

Brittanje was jare lank die voorkeurbestemming van jong Suid-Afrikaners wat 'n jaar of twee in die buiteland wou deurbring om internasionale ondervinding op te doen. Deesdae vertrek daar ook baie Suid-Afrikaners na die Midde-Ooste en elders in Afrika.

Hoewel die aantal Suid-Afrikaners in Brittanje afgeneem het weens die wêreldwye ekonomiese

krisis en die gevolglike verminderde werksgeleenthede, asook die strenger toelatingsvereistes vir mense van Statebondlande, is daar nog talle hoogs geskoolde jong Suid-Afrikaners wat oorgehaal is om 'n paar jaar in die buiteland te gaan werk.

Britse maatskappye is steeds op soek na 'n verskeidenheid gegradueerdes, veral dié met kundigheid in die onderwys, ingenieurswese, die mediese veld en dié met gespesialiseerde kennis van telekommunikasie en inligtingstegnologie.

Mnr. Hannes Breytenbach, senior vennoot van Breytenbachs, 'n prokureursfirma wat spesialiseer in immigrasie, eiendomsreg, asook ander algemene regsdiens, sê dit is beslis nog die moeite werd om in Brittanje 'n heenkome te soek. "Ons wagkamers in Londen bly vol van Suid-Afrikaners aan wie ons leiding gee. Britse werkgewers se houding is een van balans. Hulle wil uiteindelik die beste persoon vir 'n pos kies. As dit 'n Suid-Afrikaner is, sal hulle nie huiwer om hom aan te stel nie," sê Breytenbach.

nuwe avontuur

Dit het die jong Johannesburger Brian Schmidt ook ondervind. Toe



Brian verlede jaar te midde van die resessie, gewapen met 'n vars meestersgraad in beroepshigiëne die vreemde aangedurf het, het dit hom skaars drie weke geneem om in die noordooste van Engeland werk in sy uiters gespesialiseerde rigting los te slaan. Sy vrou, Michelle, het egter ses maande gesukkel om werk as onderwyseres te kry.

“Daar is verskeie faktore wat bygedra het tot ons besluit om Engeland toe te gaan vir 'n paar jaar. Ons het albei klaargemaak met studies by die Noordwes-Universiteit en was gereed vir 'n nuwe avontuur. Die vooruitsig van internasionale werkservaring, reisgeleenthede in Europa en die voordelige wisselkoers (ons het 'n stewige bedrag studieskuld wat ons moet aflos) is waarskynlik die faktore wat vir ons die swaarste gewee het,” sê Brian.

Michelle sê die verlange na haar vier sibbe, van wie die jongste maar vier jaar oud is, maak dit nie aldag maklik nie. “Ek mis hulle en my ouers vreeslik baie. Vir 'n tyd lank het ek glad nie daaraan probeer dink nie. Deur te fokus op my werk het dit vir my gevoel of ek minder

verlang, maar na 'n ruk het ek hartseer en onvergenoegd begin voel.

“As dinge erg raak, herinner ons onself aan die redes vir ons besluit om Engeland toe te kom. Dit help ook om op hoogte te bly van die nuus in Suid-Afrika. Boonop neem dit nie lank voor 'n mens besef hoeveel voordele daar in 'n eerstewêreldland is nie. En ek verwys nie net na die lae vlakke van geweld en misdaad nie,” sê sy.

Brian sê dat hulle ten spyte van die verlange na Suid-Afrika nog nooit een oomblik spyt was oor hul besluit nie.

swak ekonomiese toestand

Wilhelm en Ilze Opperman van Oos-Londen het hulle net meer as 'n jaar gelede naby die Britse hoofstad gevestig met 'n entrepreneurskapsvisum. Die doel: om die kitskosrestaurant Wimpy se naam en bedrywighede te help uitbou. Wilhelm het in Maart 2009 'n bestaande Wimpy in Norfolk oorgeneem en in September verlede jaar nog een geopen in Lincolnshire. “Die ekonomiese toestand is alles behalwe ideaal vir ons soort bedryf. Daar maak tans sowat 50 kroëë per dag toe in Engeland. Dit gee 'n mens 'n goeie idee van hoe taai die omstandighede is.” Nietemin vind die Oppermans dit makliker om in Engeland te woon as in Suid-Afrika. Maar die verlange na familie en vriende is groot. “Ons het in Februarie ouers geword van 'n pragtige dogtertjie, Inge. Ilze se ouers het Engeland toe gevlieg, en my ma het ook 'n week lank kom kuier. Dit was heerlik om hulle hier te hê om hulle kleinkind te ontmoet!”

Natuurlik mis ons ons familie, vriende, honde en Suid-Afrika se pragtige natuurskoon. Ons het gou agtergekom dat ons bedorwe brokke

in Suid-Afrika was en het amper skuldig gevoel dat ons so min bygedra het tot die huishouding. Ek moes blitsvinnig leer stryk en vloere was – daar is nie iemand om dit vir jou te doen nie!” sê Wilhelm.

“Veral gedurende die eerste paar maande van aanpassing wonder 'n mens of alles die moeite werd is, maar gelukkig is ons gefokus op ons persoonlike en besigheidsdoelwitte. Net wanneer 'n mens weer begin twyfel, ontmoet jy 'n wonderlike Suid-Afrikaanse, Afrikaanssprekende Christen wat gou-gou 'n boesem-tjommie word.”

alleen in die midde-ooste

Suid-Afrikaners wat Midde-Ooste toe mik is meer geneig om hul gesinne in Suid-Afrika agter te laat, sê Salah el Baba, besturende direkteur van S.A. Recruitment, 'n agentskap wat veral onderwysers in die Midde-Ooste plaas. Hy meen tussen sestig persent en sewentig persent van die mense wat hy plaas, laat hul gesinne agter. “Dit is baie moeiliker om hele gesinne, of selfs net getroude paartjies geplaas te kry. Omdat geld meestal die beweegrede is om in die buiteland te gaan werk, besluit die man of vrou van die gesin dikwels om alleen te gaan en dan geld huis toe te stuur. Ná 'n jaar of twee kan hulle dan hulle skuld afbetaal, of 'n deposito vir 'n huis betaal,” sê hy.

Johan Claasen, 'n joernalis en dosent van Kaapstad, werk die afgelope twee jaar in Dubai waar hy klasgee in die joernalistiek aan die Murdoch Universiteit se skool vir media, kommunikasie en kultuur. “Ek is in Kaapstad gewerf om hier te kom werk. Ek het tot die stap oorgegaan omdat my vergoeding in Suid-Afrika nie tred gehou het met my werk en ervaring nie, en omdat my geslag, velkleur, taal en ouderdom (ek was

>>



toe 52) teen my getel het.

“Daar is baie voordele soos ’n buitengewoon goeie, belastingvrye inkomste. Ek bly in ’n uiters veilige land met goedkoop brandstof en ’n uitstekende padnetwerk van topgehalte. Alle tegnologiese stelsels werk en word behoorlik en verantwoordelik benut. Ek het hier ’n belowende loopbaan wat my ervaring in die joernalistiek aanvul. Die nadeel is egter dat jy ver van jou geliefdes is,” sê Johan.

Sy vrou, Lynette Turner-Strauss, het haar einde Maart vanjaar by hom aangesluit. “Sy was baie dapper, maar baie eensaam in Suid-Afrika. Sy het baie geduld gehad met my verskuiwing hierheen. Dit alles het my nog liever vir haar gemaak. Die rede hoekom Lynette nie uit die staanspoor saamgekom het nie was omdat ek aanvanklik hierheen gekom het om ’n nuwe werkervaring op die proef te stel, en omdat sy ’n vaste werk in Stellenbosch en gesinsverantwoordelikhede gehad het.”

Lynette het voor haar vertrek Dubai toe gesê dat die skeiding van Johan emosioneel vir haar bitter moeilik was. Dit is vir beide ’n tweede huwelik en hul onderskeie kinders is volwasse en reeds uit die huis. “Dit was ’n eensydige besluit van hom om te gaan, en dit werk goed vir hom, dalk ook omdat dit sy geaardheid goed pas,” sê Lynette. “Vir my was dit egter baie moeilik om die verhouding in stand te hou. Ons het mekaar net ’n paar keer per jaar gesien. Ons het oor die twee jaar baie van mekaar verloor, jy kan net niks meer met mekaar deel nie, het geen sosiale lewe saam nie en elkeen gaan maar met sy eie lewe aan.

“Dalk is die liefde die enigste ding wat ons nog bymekaar hou, die res verdwyn in die niet. ’n Mens

leer om later nie meer te verlang of enige emosie te hê nie, nie hartseer of opwinding nie. ’n Mens begin eenvoudig om in verskillende wêrelde te leef. My raad is dat as dit enigsins kan, vroue eerder saam met hulle mans moet gaan. Daar is vir my geen sin in om dit alleen te doen nie,” sê Lynette.

moontlikhede in afrika

Charlotte Trollip, ’n tuisteskepper van Pretoria, se man Johann werk sedert Maart 2006 in die Kongo as departementshoof vir veiligheid en sekuriteit op ’n kopermyn. Voor dit was hy 14 jaar in die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

Hy het geleentheid om die polisie te verlaat begin ondersoek omdat hy ’n beter lewe vir sy gesin wou skep, ’n plan wat amper die teenoorgestelde uitwerking gehad het, vertel Charlotte.

“Hy werk agt weke in die Kongo en is dan vier weke by die huis. In totaal sien ons mekaar vier maande per jaar,” sê Charlotte.

Verder noem sy dat die spanning wat deur hierdie amper onuithoudbare leefstyl geskep is, daarvoor gesorg het dat sy en Johann in Januarie vanjaar amper in die skeihof gedraai het.

“Ons besluit om te versoen was deels as gevolg van die besef dat dit nie die moeite werd is om ’n eens goeie verhouding, ’n eens goeie huwelik, prys te gee vir geld nie. Die moeilikste is dat ek vir lang tye nie die emosionele ondersteuning en bystand van Johann het, of dit vir hom kan gee nie. Gedurende die tye wat hy weg is, kan hy my nie help om die kinders groot te maak of te dissiplineer nie. Hy kan nie vir my verligting bied as ek moeg of siek is nie, ek kan nie vir hom daar wees as hy ’n slegte dag gehad het nie.”

Die besluit om deel te word van

die ekspat-leefstyl het aanvanklik ’n geweldige uitwerking op Charlotte en Johann se kinders gehad.

“Toe Johann die eerste paar keer weggegaan het, was die effek op die kinders gelykstaande aan die trauma van ’n egskeiding – iets waarop ons glad nie voorbereid was nie.

“Verjaarsdae en Kersfeeste waarby hy nie kon wees nie het al vir baie trane gesorg. My jongste was net sewe jaar oud toe sy weens verlange na haar pa in ’n depressie verval het wat met medikasie behandel moes word. Ons was toe al drie jaar ’n ekspat-gesin.

“Dit gaan nou heelwat beter. Ek sal nie sê dat ons as gesin gewoon is aan hierdie tipe leefstyl nie, ons het wel geleer om aan te pas en mekaar te ondersteun. Dit het die trauma van ’n egskeiding wat amper afgehandel was gevat om ons te laat besef wat ons in mekaar het en wat ons sou verloor indien ons hierdie uitweg sou kies. Die geld was doodeenvoudig nie die hoë prys werd wat ons bereid was om te betaal nie.

“Ons het reeds stappe begin neem om ons lewenstandaard aan te pas sodat die finansiële las op Johann kan verminder. Dit sal dan vir hom makliker wees om vir poste in Suid-Afrika aansoek te doen en permanent huis toe te kom,” sê Charlotte.

Die besluit om jou geboorteland te verlaat vir meer geld of beter werksgeleentheid is beslis nie een wat ligtelik geneem moet word nie. Dit blyk dat jou huis inderdaad is waar jou hart is. >>tg